



Wes-Kaapse  
Regering

Landbou



**Prospektus: Hoër Sertifikaat**  
Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut

# Elsenburg Prospektus: Hoër Sertifikaat

---

## KONTAKBESONDERHEDE

Alle korrespondensie moet gerig word aan:

Hoof: Studentesake  
Kaapse Instituut vir Landbou-Opleiding: Elsenburg  
Posbus 54  
ELSENBURG  
7607

Tel. +27 21 808 5450/1  
Faks. +27 21 884 4319  
Epos. [training@elsenburg.com](mailto:training@elsenburg.com)  
Webtuiste. [www.elsenburg.com](http://www.elsenburg.com)

## Aansoeke

Aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm moet die Instituut kantoor voor of op 30 Junie van die voorafgaande jaar van studie bereik. Aansoekvorms is verkrygbaar by Studentesake, of op die Instituut se webtuiste. Alle aansoekers moet, indien vereis, die gestandaardiseerde toetse aflê.

## Studentenommer

By ontvangs van nuwe aansoeke ken Studentesake aan elke aansoeker 'n unieke nommer toe wat dien as identifikasie van die betrokke individu om toekomstige kommunikasie te vergemaklik. Die studentenommer moet in alle toekomstige korrespondensie met die Instituut kantoor gebruik word.

## Ander kontakbesonderhede

Stellenbosch Universiteit: Fakulteit Agriwetenskappe  
+27 21 808 4833  
Department van Landbou: Wes-Kaap  
+27 21 808 5111

## Ander Opleidingsentrums

Clanwilliam: +27 27 482 1362  
Outeniqua (George): +27 44 874 8080  
Oudtshoorn: +27 44 279 4086

## LET WEL

1. Die Kaapse Instituut vir Landbou-Opleiding behou die reg voor om te eniger tyd wysigings aan die prospektus aan te bring.
2. Die bestuur van die Kaapse Instituut vir Landbou-Opleiding aanvaar geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat in die inhoud van die Prospektus mag voorkom nie. Alle redelike sorg is egter gedra om te verseker dat die Prospektus die tersaaklike inligting wat met die ter perse gaan op Januarie 2011 beskikbaar was, akkuraat en volledig weergee.

## INHOUDSOPGAWE

Visie .....	4
Missie .....	4
Algemene bepalinge vir die Hoër Sertifikaat program .....	7
AKADEMIESE REËLS .....	9
PROGRAM VIR HOËR SERTIFIKAAT.....	16
STUDIERIGTINGS .....	17
Inhoud van modules.....	18
AGRIBESIGHEIDSBESTUUR (ABM) .....	18
AGRONOMIE (AGR).....	19
BEGINSELS VAN LANDBOUWETENSKAP (BLW) .....	19
BIOLOGIE (BIO) .....	20
DIEREPRODUKSIE (DPR) .....	20
GEWASBESKERMING (GWB) .....	21
GRONDKUNDE (GRK).....	21
LANDBOU INGENIEURSWESE (ING) .....	21
NATUURLIKE HULPBRONBESTUUR (NHB) .....	21
POMOLOGIE (POM).....	22
REKENAAR PRAKTYK (REK) .....	23
VOORLIGTING (EXT) .....	23
WINGERDBOU (WIB) .....	23
Ander programme by Kaapse Instituut vir Landbou – Opleiding .....	25
Hoër Onderwys.....	25
Voortgesette Onderwys en Opleiding .....	26

# Visie en Missie van die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut

## **Visie**

Dié leier in Landbou-opleiding  
en -ontwikkeling van gehalte in Afrika

## **Missie**

Om ons kliënte te bemagtig deur markgedrewe  
onderrigprogramme aan te bied ter stimulering van volhoubare  
ekonomiese groei

## Elsenburg: 'n trotse tradisie

Elsenburg se geskiedenis dateer terug na 1698 toe die grond deur die destydse goewerneur, Willem Adriaan van der Stel, aan Samuel Elsevier toegeken is. Die plaas is tot 'n spogplaas opgebou deur verskeie eienaars, onder wie Martin Melck, wat die deftige ou herehuis in 1761 gebou het. Die plaas is in 1898 deur die Myburgh-familie aan die Staat verkoop.

Op 1 September 1898 word die Landboukollege geopen, die eerste van sy soort in Suid-Afrika, en aan die einde van die eerste akademiese jaar (Junie 1899) word vyf diplomas toegeken. Gedurende die eerste 14 jaar van sy bestaan word die gemiddelde studentegetal per jaar op 44 geraam. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het egter 'n merkbare invloed gehad op studente-inskrywings, sodat daar in 1915 slegs 8 studente was.

In 1926 is Elsenburg-landboukollege in die Universiteit van Stellenbosch opgeneem en is daar voorsiening gemaak vir 'n tweejarige diplomakursus op Elsenburg, met die primêre doel om voornemende boere op te lei. In 1927 word hierdie kursus vervang deur 'n eenjarige kursus, wat in 1931 afgestel en vervang is deur praktiese kursusse. Eers in 1939 word die tweejarige diplomakursus weer ingestel. Elsenburg se verbintenis met die Universiteit van Stellenbosch is in 1973 na 47 jaar beëindig, waarna die Departement van Landbou verantwoordelikheid vir landbou-opleiding op Elsenburg aanvaar het.

'n Belangrike mylpaal is in 1976 bereik met die instelling van die Diploma in Keldertegnologie, en vandag is bykans 80% van Suid-Afrika se wynmakers alumni van Elsenburg.

Met die oorgang na 'n demokratiese politieke bestel in Suid-Afrika in 1994 het die Wes-Kaapse Departement van Landbou tot stand gekom. Daarmee saam het die Elsenburg- en Kromme Rhee-landboukollege saamgesmelt. Hierdie samesmelting het 'n groot verantwoordelikheid op die Departement geplaas ten opsigte van die uitbreiding van onderrigaanbiedinge, en 'n Sentrum vir Voortgesette Onderwys en Opleiding is gestig met die oog op die behoefte aan kort, praktiese kursusse.

Die verbintenis met die Universiteit van Stellenbosch is na 30 jaar hervat en sedert 2004 bied Elsenburg in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch se Fakulteit Agriwetenskappe 'n driejarige B. Agric-graadkursus aan.

Hierdie verwickeling is in ooreenstemming met die regering se nuwe akademiese beleid, en bied aan ons tersiêre studente groter beweeglikheid tussen die twee instellings. Dit verseker ook dat duplisering van opleidingsprogramme nie plaasvind nie. Sedert 1 April 2004 staan Elsenburg-landboukollege bekend as die Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding: Elsenburg.

## Suid-Afrika: 'n landbouland!

Die skep van werkgeleenthede en die voorsiening van voldoende veilige voedsel en vesel van hoë gehalte teen bekostigbare pryse is eise wat aan die landbou gestel word. Die geleenthede en uitdagings in die landbou lê verder in die diversiteit van ons topografie, die variasie van ons grond, die uiteenlopendheid van ons klimaatstreke en in die vereistes wat kieskeurige verbruikers aan landbouprodukte stel. Landbou moet ook in harmonie met die natuur beoefen word sonder om natuurlike hulpbronne te beskadig. Ons land het 'n merkwaardige verskeidenheid van fauna en flora wat in die beoefening van landbou gerespekteer, beskerm en bewaar moet word. Daar word op bepaalde terreine met lewende en lewegewende organismes op so 'n wyse gehandel dat die doelwit om die lewenskwaliteit van almal te verbeter, bevorder word.

Landbou in Suid Afrika dra byna 5% by tot die bruto binnelandse produk en is 'n belangrike verdieners van buitelandse valuta. Dit is ook 'n groot werkverskaffer en voorsien in die basiese menslike behoeftes van voedsel en vesel. Agritoerisme raak al belangriker as bedryf en bied ontvlugting aan baie stedelinge. Daar word 83 nuwe werkgeleenthede geskep vir elke R1 miljoen toename in die finale vraag na landbouprodukte, in vergelyking met 'n ooreenstemmende syfer van net 29 werkgeleenthede in

# Elsenburg Prospektus: Hoër Sertifikaat

---

die res van die ekonomie. Dit word algemeen erken dat landbou 'n belangrike rol in armoedeverligting te speel het.

Grond is 'n belangrike produksiefaktor in die landbou. Die Republiek van Suid-Afrika beslaan 'n oppervlakte van 122,3 miljoen ha waarvan 16 miljoen ha vir gewasproduksie benut word, nagenoeg 1,5 miljoen ha met bome beplant is en 83 miljoen ha deur natuurlike weiding bedek is. Gronde met optimale fisiese en chemiese toestande is skaars en kom verspreid voor, maar daar is verskeie unieke grondklimaatsinteraksies wat die voorsiening van produkte vir nismarkte verseker.

Suid-Afrika is 'n waterskaars land. Sowat 30% van die land ontvang minder as 250 mm reën per jaar, ongeveer 34% ontvang tussen 250 en 500 mm, 25% tussen 500 en 750 mm per jaar en net 1% van die land ontvang meer as 750 mm reën per jaar. Die reënval is in die grootste dele van die land wisselvallig en droogtes kom gereeld voor. Weens hierdie en nog ander faktore is Suid-Afrika hoofsaaklik van opgaardamme en ondergrondse waterbronne afhanklik vir watervoorsiening. Net meer as 1,2 miljoen ha is onder besproeiing. Tans is die landbou nog die grootste gebruiker van water - byna 50% - maar daar is toenemende druk op boerdery om meer water vir industriële en huishoudelike gebruik af te staan. Water- en besproeiingsbestuur in ons land verg dus besondere kundigheid.

Suid-Afrika is by uitstek 'n landbouland. Ons kan weens die wisselende klimaat en topografie bykans enige gewas verbou. Boonop is ons in die gelukkige posisie om tans selfvoorsienend te wees in die meeste primêre voedsel- en veselbehoefte van die land se vinniggroeiende bevolking. Voedselsoorte waarin die land nog nie selfvoorsienend is nie, maar wat in aansienlike hoeveelhede geproduseer word, is oliesade, rys, tee en koffie. Meer as 33% van die totale waarde van tuinbouproduksie word uitgeoer. Sagtevrugte maak die grootste volume hiervan uit. Verdere voorbeelde van Suid-Afrikaanse uitvoere is subtropiese vrugte, mielies, suiker, groente, wyn, snyblomme, blombolle, sybokhaar en karakoelpelse. 81% van alle landbougrond is onder natuurlike weiding wat hoofsaaklik vir ekstensiewe veeboerdery benut word. Dit is byna 70% van die totale landsoppervlakte van Suid-Afrika.

Daar word met 'n verskeidenheid van diere geboer: grootvee, varke, kleinvee en pluimvee. Akwakultuur en wildboerdery is sterk groeiende bedrywe met aansienlike potensiaal. Deur na-oeshantering, produkverwerking, voedselverwerking, voedselopberging en voedselpreservering word waarde tot vars produkte toegevoeg. Die grondslag vir die uiteindelijke kwaliteit van die produk wat die verbruiker geniet, word al in die grond of die kudde gelê. Volhoubare en verantwoordelike plaag- en siektebestuur is hiervoor nodig.

Besondere kennis, kundigheid, vaardigheid en bestuursvernuif is nodig vir volhoubare landbouproduksie. Gegradueerdes kan 'n verskeidenheid van beroepe in die landbou- en aanverwante bedrywe beoefen. Daar is loopbane in bv. boerderybestuur, keldertegnologie, navorsing, onderrig en konsultasie, asook aanlegbestuur (bv. kelders) en dienslewering (verskaffers).

*(Inligting verkry van Universiteit van Stellenbosch Jaarboek)*

## Die profiel van die landboukundige

Die afgestudeerde landboukundige beskik oor die nodige kennis, vaardighede en gesindheid om selfstandig of in spanverband in 'n wetenskaplike landbou-omgewing te funksioneer. Dit sluit in die oordeelkundige toepassing van die wetenskap om die aanbodketting van 'n verskeidenheid van voedsel- en veselprodukte ekonomies, omgewingsvriendelik en volhoubaar te bestuur ter bevordering van die vooruitgang en welsyn van die mensdom. Om hieraan te voldoen, openbaar die landboukundige die volgende professionele eienskappe:

### Kennis

Die nodige kennis van die toepaslike wetenskaplike begrippe, die interaksie tussen die biologiese en abiotiese faktore in die omgewing en die basiese beginsels van navorsingmetodes en -metodiek. Die vermoë om nuwe kennis te skep, idees te genereer en innoverend op te tree. Die vermoë om doeltreffend in 'n interdisciplinêre omgewing te funksioneer. Begrip van volhoubare ontwikkeling en volhou-

bare hulpbronbestuur. Bestuur van inligting en die neem van kundige besluite. 'n Sisteembenadering by die ontleding van omgewingsproblematiek.

## Houding en gesindhede

Respek vir die omgewing en sy gebruikers. Erkenning van eie beperkings ten opsigte van kennis en vaardighede. 'n Positiewe ingesteldheid tot voortdurende professionele ontwikkeling. Betrokkenheid en diensbaarheid binne die breë gemeenskap. 'n Positiewe voorbeeld ten opsigte van sosiale verantwoordelikhede en verpligtinge. Aanvaarding van en strewe na die hoogste akademiese standaard.

## Vaardighede

Die vermoë om kennis te versamel, te integreer, te interpreteer en toe te pas en om probleemoplossend te dink en op te tree. Doeltreffende kommunikasie met rolspelers uit verskillende omgewings en agtergronde. Voldoende vaardighede om selfstandig of in spanverband as landbouwetenskaplike te funksioneer. Die vermoë om toepaslike vakliteratuur te interpreteer en toe te pas. Die vermoë om toepaslike hulpbronne en -middels binne werkverband doeltreffend te benut.

*(Inligting verkry van Universiteit van Stellenbosch Jaarboek)*

## ALGEMENE BEPALINGS VIR DIE HOËR SERTIFIKAAT PROGRAM

### Toelatingsvereistes

Die minimum vereistes vir toelating volgens die nuwe nasionale skoolkurrikulum, is soos volg:

- Studente moet in besit wees van 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) soos gesertifiseer deur Umalusi
- Studente moet minstens 'n 3 (40% - 49%) in elk van VIER skoolvakke uit die lys van aangewese universiteitstoelatingsvakke behaal
- Studente moet 'n gemiddelde van minstens 40% vir die NSS behaal.

### LYS van toelatingsvakke

- Afrikaans OF Engels (huistaal OF eerste addisionele taal) op 3 **EN**
- Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid - 3 **EN**
- Fisiese Wetenskappe - 3 **OF**
- Lewenswetenskappe - 3 **OF**
- Landbouwetenskappe - 3

### PLUS

een van die onderstaande vakke soos deur die Instituut aanbeveel, ook op 3

- Besigheidstudies
- Dramatiese Kunste
- Ekonomie
- Aardrykskunde
- Geskiedenis
- Godsdiensstudie
- Inligtingstegnologie
- Ingenieursgrafika en -ontwerp
- Musiek
- Rekeningkunde
- Tale (een taal van leer en onderrig aan 'n hoër onderwysinstelling en twee ander erkende taalvakke)
- Verbruikerstudie

# Elsenburg Prospektus: Hoër Sertifikaat

---

- Visuele Kuns

**Lewensoriëntering tel nie as 'n toelatingsvak vir die Hoër Sertifikaat program nie.**

**OF**

Die minimum vereistes vir toelating volgens die ou skoolkurrikulum, is soos volg:

- 'n Senior Sertifikaat
- Met 'n minimum van 40% ( E-simbool) gemiddeld en
- 'n Minimum van 40% (E-simbool) op SG vir of Biologie of Wetenskap of Wiskunde;

## Algemene bepalings

Studente moet hulle vergewis van die slaagvoorvereistes (S), voorvereistes (V) en newevereistes (N) wat vir elke module gestel word. Die besonderhede word by die beskrywings van die modules (onder Inhoud van modules) gegee.

Studente moet hulle vergewis van die Akademiese Reëls asook die vereistes wat vir hertoelating as student geld.

## AKADEMIESE REËLS

Hierdie reëls is spesifiek saamgestel vir die Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding se Hoër Sertifikaat program-aanbieding.

### 1. KLASBYWONING EN AFWESIGHEID VAN KLASSE/ PRAKTIKA/ TOETSE/ EKSAMENS

Daar word van studente verwag om alle klasse/ praktika/ toetse/ eksamens by te woon. Bywoningsregisters word deur dosente gehou en afskrifte daarvan word kwartaalliks aan die Direkteur voorgelê. Die volgende reëls is van toepassing:

#### 1.1 Afwesigheid van lesings

Indien dit gedurende die akademiese jaar blyk dat 'n student se klasbywoning onbevredigend is en die persoon nie op 'n waarskuwing in dié verband gereageer het nie, kan dit aan die Direkteur gerapporteer word. Verdere afhandeling van die aangeleentheid word aan die oordeel van die Direkteur oorgelaat.

#### 1.2 Afwesigheid van prakties

1.2.1 Toestemming vir afwesigheid sal slegs in uitsonderlike omstandighede verleen word (sien 1.3). Die student is self verantwoordelik vir reëlins met die betrokke dosent om die praktiese komponent in te haal en/of geëvalueer te word.

1.2.2 In die geval van ongemagtigde afwesigheid van 'n prakties kry die student 'n nulpunt vir enige evaluering en verbeur ook enige reg daartoe.

#### 1.3 Gemagtigde afwesigheid

1.3.1 Gemagtigde afwesigheid word slegs by uitsondering toegestaan en die student is self verantwoordelik vir reëlins in dié verband.

1.3.2 Enige versoek om gemagtigde afwesigheid moet skriftelik en met die nodige

motivering en/of bewyse aan die Fakulteitsbestuur gerig word.

- 1.3.3 Aansoeke om deernisverlof moet direk by die Direkteur of 'n gemagtigde persoon van Studentesake ingedien word.

## 2. BEPALING VAN 'N PUNT VIR TOELATING TOT DIE EKSAMEN (PREDIKAATPUNT)

- 2.1 'n Predikaatpunt word verwerf deur geskeduleerde en nie-geskeduleerde toetse, werkopdragte, praktiese take en biblioteekwerk.
- 2.2 In alle modules word twee toetse per semester afgeneem wat in die normale klastyd geskryf sal word met die oogmerk van deurlopende evaluering. Hierdie toetse is die enigste geskeduleerde geleentheid vir die verwerwing van 'n predikaat.
- 2.2.1 'n Student móét minstens twee toetse per module skryf om 'n predikaatpunt te kan verwerf.
- 2.2.2 Afwesigheid van so 'n evalueringsgeleentheid (a.g.v. siekte of ander geldige redes) beteken dat die student dit verbeur. Hy of sy het dan 'n laaste geleentheid, siekte-toets, in daardie module-aanbieding waardeur hy of sy 'n predikaat kan verwerf.
- 2.2.3 As 'n student 'n toets nie skryf nie, word 'n nulpunt toegeken.
- 2.3 Mediese siektesertifikate of ander dokumentasie sal aanvaar word as verskoning vir afwesigheid tydens enige evaluering **op voorwaarde** dat dit binne 2 werksdae na die evaluering ingehandig word. Die student moet dan die siektetoets aflê en geen addisionele toetsgeleentheid sal geskeduleer word nie.
- 2.4 Uitsonderlike gevalle sal na goeddunke deur die Fakulteitsbestuur oorweeg word by ontvangs van skriftelike en **goed gemotiveerde** verhoë deur die student.
- 2.5 Samestelling van predikaatpunt:  
Die geskeduleerde toetse: minstens 70% van die predikaat  
Ander voorgeskrywe evalueringsvorme: hoogstens 30%  
Nie-geskeduleerde evalueringsvorme: hoogstens 10%  
Die spesifieke samestelling word vir elke module vasgestel.
- 2.6 'n Subminimum van 50% word vir die praktiese komponent vereis. Indien die subminimum van 50% vir die praktiese komponent nie behaal word nie, verwerf die student nie predikaat nie.
- 2.7 'n Predikaatpunt van 40% word vereis vir toelating tot eksamen in **ALLE** modules.
- 2.8 Dit is die student se verantwoordelikheid om te kontroleer dat hy/sy wel predikaat in die onderskeie modules verwerf het. Daarsonder sal toelating tot die eksamen geweier word. **Navrae moet onmiddellik (binne 1 werksdag) na bekendmaking van predikaatpunte aan die Fakulteitsbestuurder gerig word.**

## 3. EKSAMINERING

- 3.1 Die student word geëksamineer of geëvalueer in alle modules waarvoor hy/sy geregistreer is. 'n Geldige foto identifikasie moet getoon word by alle toetse en eksamens.
- 3.2 Eksaminering/evaluering geskied oor die hele studieveld van die module. Van studente word verwag om ook op hoogte te bly van die inhoudelike van voorvereiste modules.

(Sien Inhoud van modules)

- 3.3 Na afloop van elke module-aanbieding word slegs twee gelykwaardige eksamens, elk met 'n duur van 1 tot 3 uur, afgeneem. Die twee eksamens vir 'n module staan onderskeidelik bekend as die hoofeksamen en die aanvullende eksamen.
- 3.4 Eksamens word slegs afgeneem tydens amptelik geskeduleerde tye. 'n Student wat eksamentoelating verwerf het, móét die hoofksamengeleentheid benut.
- 3.4.1 Daar is gedurende die akademiese jaar twee hoofksamengeleenthede:
- (i) Die middeljaar eksamen, waartydens die hoofeksamen in modules van die eerste semester afgeneem word.
  - (ii) Die einde van die jaar eksamen, waartydens die hoofeksamen in modules van die tweede semester afgeneem word.
- 3.4.2 Aanvullende eksamens vind plaas onmiddellik na afloop van die hoofeksamen:
- (i) Die aanvullende middeljaar eksamen, waartydens 'n aanvullende eksamen in modules van die eerste semester afgeneem word.
  - (ii) Die aanvullende einde van die jaar eksamen, waartydens 'n aanvullende eksamen in modules van die tweede semester afgeneem word.
- 3.5 'n Student wat afwesig is van die hoofksamengeleentheid (weens siekte of enige ander geldige rede) verbeur daardie geleentheid. Die aanvullende eksamen is dus die persoon se enigste en finale geleentheid om eksamen te skryf in 'n bepaalde module en slegs indien goedkeuring deur die Fakulteitsbestuur verleen is (Kyk par. 3.8.).
- 3.6 Waar 'n student geen eksamen skryf nie, word 'n nulpunt toegeken en die betrokke module moet herhaal word.
- 3.7 Gemagtigde afwesigheid van die hoofeksamen sal by uitsondering toegestaan word.
- 3.8.1 Studente wat nie die hoofksamengeleentheid kan benut nie, móét **skriftelik** aansoek doen om toelating tot die aanvullende eksamen. Geldige siektesertifikate en/of ander motiverende dokumentasie moet die aansoek vergesel en **binne 2 werksdae** na die hoofksamengeleentheid by Studentesake ingedien word. Die beslissing van die Fakulteitsbestuur daaroor is final.
- 3.8.2 Studente verbeur toelating tot die aanvullende eksamen indien geen skriftelike aansoeke ontvang word nie of aansoeke laat ingedien word.
- 3.9 Uitsonderlike gevalle sal na goeëddunke deur die Fakulteitsbestuur oorweeg word by ontvangs van 'n skriftelike versoek/motivering van die student.

## 4. SLAAGVEREISTES

### 4.1 Semesteronderrig

- 4.1.1 'n Geweëgte gemiddelde van minstens 50% (predikaatpunt plus eksamenpunt) moet behaal word, terwyl daar ook aan die volgende vereistes voldoen moet word:

- 4.1.1.1 Die eksamenpunt moet 60% van die finale punt uitmaak.
- 4.1.1.2 Minstens 40% moet in die eksamen behaal word.
- 4.1.1.3 'n Subminimum van 50% moet vir prakties behaal word, waar 'n module uit beide teoretiese en praktiese komponente bestaan.
- 4.1.2 Die finale punt word soos volg bereken:  
Finale punt (100%) = Predikaatpunt (40%) + eksamenpunt (60%)
- 4.1.3 'n Punt van minstens 50% moet behaal word vir die praktiese komponent soos uiteengesit in elke module-inhoud-beskrywing.
- 4.1.4 'n Punt van minstens 50% word vereis vir aanvullende eksamens, ongeag die predikaat- en hoofeksamenpunt.
- 4.1.5 Indien die aanvullende eksamen die kandidaat se eerste eksamengeleentheid is (kyk 3.5 en 3.8), word die finale punt bereken soos beskryf in 4.1.2.
- 4.1.6 'n Punt van minstens 50% word vereis vir spesiale eksamens (soos beskryf in 3.8).
- 4.2 Onderrigprogram
  - 4.2.1 Kyk 4.1.
  - 4.2.2 Alle modules soos deur die onderrigprogram vereis moet geslaag word (kyk bylaag 2: Studierigtings).
- 4.3 Slaag met onderskeiding
  - 4.3.1 Onderskeiding in die onderrigprogram (kursus)  
'n Student slaag die onderrigprogram met onderskeiding indien die gemiddelde punt vir alle voorgeskrewe modules in die program 75% of meer is.
  - 4.3.2 Onderskeiding in die module-aanbieding  
'n Student slaag 'n module-aanbieding met onderskeiding indien 'n finale punt van 75% of meer vir die module behaal word.
- 4.4 Aansoek om hernasiening van 'n eksamenskrif
  - 4.4.1 'n Student wat verlang dat 'n eksamenskrif weer nagesien word, moet binne een werksdag na bekendmaking van die finale uitslag van elke module skriftelik daarvoor aansoek doen by Studentesake en die vereiste bedrag inbetaal by die kassiere. Geen hernasiening sal oorweeg word sonder die nodige kwitansie nie.
  - 4.4.2 Alle eksamenskrifte van studente wat druipe of vir 'n aanvullende eksamen kwalifiseer, word gemodereer voordat die uitslae bekend gemaak word.
  - 4.4.3 Die hernasiening van 'n eksamenskrif word deur eksterne moderatore gedoen en die uitslag daarvan kan moontlik eers kort voor die aanvullende eksamen bekend wees. 'n Student moet hom of haar dus voorberei vir die aanvullende eksamen ingeval die hernasiening veranderings aantoon.

## 5. TOELATING TOT DIE AANVULLENDE EKSAMEN

- 5.1 'n Student verkry toelating tot die aanvullende eksamen indien sy of haar eksamenpunte bokant 40% is en/of sy finale punte minder as 50% is.
- 5.2 'n Student wat nie die eerste eksamen skryf nie, verbeur daardie geleentheid. Die aanvullende eksamen is dus die enigste geleentheid om daardie eksamen te skryf (kyk 3.8 en 4.1.5.).
- 5.3 'n Student wat die hoofeksamen afgelê het moet minstens 40% in die eksamen behaal.
- 5.4 Sou 'n student 'n predikaatpunt van  $\geq 60\%$  behaal het, maar nie voldoen aan 5.3 nie, kwalifiseer hy of sy vir 'n aanvullende eksamen.
- 5.5 Waar 'n student 'n eksamen nie skryf nie, word 'n nulpunt toegeken.
- 5.6 Indien 'n student die aanvullende eksamen nie kan of wil aflê nie, word 'n nulpunt toegeken en moet die module herhaal word.
- 5.7 Uitsonderlike gevalle sal na goeddunke deur die Fakulteitsbestuur oorweeg word by tydige ontvangs van 'n skriftelike versoek/motivering van die student.
- 5.8 Slegs een aanvullende eksamengeleentheid word per module toegelaat.
- 5.9 Daar is geen beperking op die getal modules waarin aanvullende eksamens afgelê mag word nie, mits voldoen word aan reël 5.3.
- 5.10 Indien 'n student vir die verwerping van 'n kwalifikasie of uitreevlak slegs twee module-aanbieding kort, kan die Direkteur 'n Direkteurseksamen toestaan.

## 6. KONDONERING

**Geen** kondonering sal toegepas word nie.

## 7. HERHALING VAN MODULES EN VOORTSETTING VAN DIE ONDERRIGPROGRAM

'n Student wat 'n module(s) druip, kan die betrokke module(s) herhaal onder die voorwaardes soos uiteengesit in 7.1 en 7.2.

### 7.1 Herhaling van modules

- 7.1.1 Herregistrasie van modules word tydens registrasie vir die spesifieke semester gedoen. 'n Student wat die Instituut moes verlaat, se aansoek om hertoelating moet voor of op 02 Januarie van die herregistrasiejaar ingedien word. Registrasie sal slegs kan geskied indien skriftelike bewys van hertoelating by registrasie voorgelê word.
- 7.1.2 Waar botsings in die toets- of eksamenrooster voorkom, moet die student vir die uitstaande modules registreer. Die student moet hom of haar daarvan vergewis.
- 7.1.3 Modules wat voorvereistes is vir daaropvolgende modules, moet eers volledig herhaal en geslaag word voordat voortgegaan kan word met die volgende modules (kyk by Inhoud van modules).
- 7.1.4 Enige module waarin 'n student nie 'n predikaatpunt verwerf het nie, asook enige praktiese komponent waarin deurlopende evaluering gedoen word en die be-

trokke student minder as 50% daarin behaal het, moet ten volle herhaal word (kyk na paragraaf 1). Dit sluit in die bywoning van alle klasse en praktika, die voltooiing van alle werkstukke, take en praktika, asook die aflê van toetse en eksamens. Waar werkstukke, take en seminare gedoen moet word, moet nuwe werkstukke, take en seminare gedoen word (met nuwe onderwerpe of temas).

- 7.1.5 'n Student wat 'n predikaatpunt in 'n module verwerf het, maar dit nie geslaag het nie, kan vrygestel word van klasbywoning in die betrokke module (op die student se eie risiko), met dien verstande dat 7.1.2 en 7.1.3 geld en 7.1.7 ook van toepassing sal wees. Alle geskeduleerde toetse moet geskryf word, geskeduleerde opdragte en seminare moet voltooi word en geskeduleerde eksamens moet geskryf word. Dit bly die student se verantwoordelikheid om te verseker dat hy/sy op hoogte is van enige reëlings/veranderinge/afkondigings van modules waarvoor hy/sy geregistreer is indien hy/sy nie dié modules se klasse bywoon nie.
- 7.1.6 Die onus rus op die student om op hoogte te bly van die inhoudelike van die module, met inbegrip van veranderinge in die inhoudelike van die module, asook om hom of haar te vergewis van sperdatums, reëlings en vereistes t.o.v. opdragte en werkstukke, asook toetse en eksamens.
- 7.1.7 By herhaling van 'n module, moet 'n student skriftelik aansoek doen binne die eerste twee weke van die akademiese jaar om vrystelling van bywoning van die praktiese komponent te bekom. Vrystelling moet skriftelik deur die Fakulteitsbestuur goedgekeur word. 'n Nulpunt vir die prakties sal toegeken word ingeval van afwesigheid sonder goedkeuring.
- 7.1.8 'n Student kan hoogstens twee keer registreer vir 'n module (staking van modules ingesluit), waartydens hy die vak móét slaag om sy studies te kan voortsit. (Kyk ook par. 7.2.)
- 7.1.9 Volle registrasiegeld en klasgeld, soos voorgeskryf, is betaalbaar vir elke module wat herhaal word.

## 7.2 Voortsetting van die onderrigprogram

Vir voortsetting van die Hoër Sertifikaat onderrigprogram moet aan die volgende vereistes voldoen word:

- 7.2.1 Studente moet aan die einde van die eerste semester in die eerste jaar van studie, in modules gelykstaande aan minstens 30 krediete geslaag het, alvorens hulle vir die tweede semester kan registreer. Hulle sal skriftelik versoek word om hul studies te staak indien nie aan hierdie vereiste voldoen word nie.
- 7.2.2 Studente wat aan die einde van hul eerste- of derde studiejaar, nie die vereiste getal HEMIS-krediete in terme van die glyskaal hieronder verwerf het wat vir die program vereis word nie, word nie verder as student toegelaat nie (1 HEMIS-krediet is gelykstaande aan die totale getal krediete wat in 'n bepaalde jaargang van 'n program vereis word).

Glyskaal in terme van HEMIS-krediete

Historiese jare	1	2	3
HEMIS-krediete	0.48	1.23	2.03

(HEMIS is die akroniem vir Hoër Onderwys Inligting Bestuur Stelsel)

- 7.2.3 Studente wat nie aan die einde van die eerste of derde jaar onderskeidelik

0.43 en 2.03 HEMIS-krediete verwerf het nie, ontvang 'n waarskuwingsbrief dat hul prestasie nie na wense is nie en dat indien hul prestasie nie verbeter nie, hulle gevaar loop om aan die einde van die daaropvolgende jaar nie hertoelating tot verdere studie te verkry nie.

7.2.4 Ondanks enige andersluidende bepalings, moet studente in die eerste studiejaar minstens 0.48 HEMIS -krediete en in hul derde studiejaar minstens 0.33 HEMIS -krediete verwerf om die daaropvolgende jaar hul studies voort te sit.

7.2.5 In alle studiejare moet voldoen word aan vereistes in par. 7.1.2, 7.1.3 en 7.1.7.

7.2.6 'n Student wat vir die eerste keer in sy studietydperk voor of op 31 Julie van die gegewe jaar sy studie staak, of op grond van akademiese oorwegings nie toegelaat word om met sy studies voort te gaan nie, sal nie met sodanige akademiese jaar gedebiteer word t.o.v. hertoelatingsreëls nie. Enige verdere stakings deur dieselfde student sal hertoelatingsreëls outomaties in berekening gebring word by aansoeke om hertoelating. Hierdie bepaling geld nie in geval van buitengewone omstandighede nie, bv. grondige mediese redes (verwys par. 8).

## 8. HERTOELATING NA ONSUKSEVOLLE STUDIE

8.1 'n Student wat nie voldoen aan die vereistes vir hertoelating tot die Instituut vir die volgende semester nie en gevolglik die Instituut moet verlaat, word die geleentheid gebied om minstens twee weke voor die aanvang van die semester waarin die gedrupte module(s) herhaal kan word, by wyse van appèl aan te toon waarom die Fakulteitsbestuur dit behoort te oorweeg om hom of haar toe te laat om met studie voort te gaan. 'n Volledig gemotiveerde heraansoek moet deur die student persoonlik opgestel word en aan die Fakulteitsbestuur gestuur word. Met "volledig gemotiveerd" word bedoel dat alle toepaslike inligting verstrekkend moet word waarom die student nie suksesvol was nie en waarom die student na verwagting voortaan suksesvol sal studeer. Sodanige inligting mag sensitief en persoonlik van aard wees, maar dit is nodig dat die student die Fakulteitsbestuur ten volle in sy of haar vertroue neem. Waar beskikbaar moet dokumente aangeheg word wat aangevoerde redes vir swak prestasies bevestig. Alle inligting word as streng vertroulik beskou. Die Fakulteitsbestuur moet oor volledige inligting beskik ten einde in die student se belang 'n billike besluit te kan neem. Inligting ter verdere motivering kan nie agterna verstrekkend word waar 'n aansoek afgekeur is nie.

**Die beslissing van die Fakulteitsbestuur is finaal en 'n tweede appèl sal nie oorweeg word nie.**

8.2 'n Student wat hertoelating ontsê word, kan na verloop van twee jaar skriftelik aansoek doen om weer as student toegelaat te word. Slegs volledig gemotiveerde aansoeke sal deur die Fakulteitsbestuur oorweeg word.

8.3 Aansoek om toelating tot die Instituut sluit op 31 Julie van die voorafgaande jaar van studie. Indien 'n student sy of haar studie vrywillig vir 'n jaar of langer onderbreek het, moet hy of sy voor of op die bogenoemde datum skriftelik aansoek doen om hertoelating. Slegs volledig gemotiveerde aansoeke sal deur die Fakulteitsbestuur oorweeg word.

## 9. KOSHUISINWONING

9.1 Toelating tot koshuisinwoning is onderhewig aan beskikbaarheid van kamers.

9.2 Studente moet elke jaar aansoek doen vir koshuisinwoning.

- 9.3 Toelating tot koshuisinwoning vir herhalers is onderhewig aan die beskikbaarheid van kamers en keuring. Voorkeur sal gegee word aan akademies suksesvolle studente.
- 9.4 Hertoelating sal geskied aan die hand van die aantal HEMIS krediete verwerf / jare studie.

### 10. ALGEMENE OPMERKINGS

#### 10.1 Afkorting - en nommerstelsel vir vakke en modules

Elke vak word deur 'n vaknommer geïdentifiseer. Elke module word deur 'n kode onderskei waarin die jaargang en die semester van aanbieding (tensy anders vermeld) saamgevat is (kyk Inhoud van modules.).

Voorbeeld:

Agronomie 55565

AGR 130 (10) Agronomiese produksietegniese (3l + 3p)

55565 is die vaknommer wat na die vak Agronomie verwys. 130 (10) is die modulekode met 'n kredietwaarde van 10, en (3l, 3p) dui die doseerlading van die module aan. Die modulekode 130 verwys eerstens na die jaar (bv. 1 vir die eerste studiejaar) waarin die module aangebied word; die tweede syfer (3) verwys na verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke studiejaar en dui die duur van die module ('n semester of 'n jaar) aan, waar 1 en 2 na modules verwys wat in die eerste semester aangebied word, 3 of 4 verwys na tweedesemestermodules, en 7, 8 en 9 na modules wat oor 'n jaar strek. Die derde syfer (4) verwys na die relatiewe gewig van die module. Die doseerbelading (lesings l en praktika p) per siklus van elke module word tussen hakies aangedui. Lesing- en praktikaperiodes duur 40 minute elk; praktiese periodes word normaalweg as 'n eenheid saamgevoeg, maar kan ook uit tutoriale en semesteraanbiedings bestaan.

#### 10.2 Slaagvoorvereistes, voorvereistes en newevereistes vir modules

Onderaan die inhoud van 'n module word die slaagvoorvereiste (S), voorvereiste (V) en newevereiste (N) module(s) wat daarop betrekking het, aangedui. 'n Slaagvoorvereiste-module is 'n module wat 'n student moet slaag voordat die module waarvoor dit voorgeskryf is, gevolg kan word. 'n Voorvereiste-module is 'n module waarin 'n bevredigende standaard (predikaatpunt van minstens 40%) behaal moet word voordat die studie in die module waarvoor dit voorgeskryf is, voortgesit mag word. Sodanige voorvereiste-module moet geslaag word voordat die graad verwerf kan word. 'n Newevereiste-module is 'n module wat voor of in dieselfde semester gevolg moet word as die betrokke module waarvoor dit voorgeskryf is en wat in 'n amptelike eksamen geslaag moet word voordat die graad toegeken mag word.

## PROGRAM VIR HOËR SERTIFIKAAT

(Sien ook meegaande Studierigtings en Inhoud van Modules)

### EERSTE STUDIEJAAR

MODULE	EERSTE SEMESTER				TWEDE SEMESTER			
	KODE	KREDIET WAAARDE	NKR VLAK	MODULE BESKRYWING	KODE	KREDIET WAAARDE	NKR VLAK	MODULE BESKRYWING
Agribesigheidsbestuur	ABM 110	10	5	Inleiding tot Agribesigheidsbestuur	130	10	10	Ekonomiese beplanningsbeginsels vir 'n agribesigheid
Landbou-ingenieurswese	ING		5		130	10	5	Komponente: Landboustrukture
Agronomie	AGR				130	5	5	Inleiding tot agronomie
	AGR				140	5	5	Inleiding tot groenteproduksie
Diereproduksie	DPR				130	5	5	Vleisbeeste
	DPR				140	5	5	Kleinveekunde
	DPR				150	10	5	Dierevoeding
Biologie	BIO 110	15	5	Inleiding tot biologie			5	
Rekenaarpraktieke	REK				130	5	5	Basiese rekenaarvaardighede
Gewasbeskerming	GWB 110	15	5	Gewasbeskerming				
Voorligting	EXT 110	5	5	Inleiding tot Bestaanswyse	130	10	5	Kommunikasie vir innovasie
	EXT				140	5	5	Boerderysisteme en volhoubare Bestaanswyse
Natuurlike hulpbronbestuur	NHB				130	10	5	Omgewingsstudies
Pomologie	POM				130	15	5	Inleiding tot Pomologie
Beginsels van Landbouwetenskap	BLW 110	5	5	Wiskundige berekeninge				
Grondkunde	GRK 110	10	5	Grondvorming en -fisika	130	10	5	Chemiese eienskappe van grond
Wingerdbou	WIB				130	15	5	Inleiding tot wingerdbou

### TWEDE STUDIEJAAR

MODULE	EERSTE SEMESTER				TWEDE SEMESTER			
	KODE	KREDIET WAAARDE	NKR VLAK	MODULE BESKRYWING	KODE	KREDIET WAAARDE	NKR VLAK	MODULE BESKRYWING
Agribesigheidsbestuur	ABM 210	10	5	Beplanningstegetnieke vir agribesigheidsbestuurders	230	10	5	Risiko bestuur en bemerking
Landbou-ingenieurswese	ING 210	10	5	Besproeiing	230	10	5	Sputmasjiene (kalibrasie)
Agronomie	AGR 210	10	5	Produksie van grane	230	10	5	Produksie praktieke en alternatiewe gewasse
	AGR 220	10	5	Groente onder beheerde toestande	240	10	5	Verbouingspraktieke en na-oes hantering
Diereproduksie	DPR 210	15	5	Melkbeeste	230	15	5	Bestuur van suiwelbeeskudde
	DPR 220	15	5	Kleinvee-telingspraktieke, wol- en vleiskunde	240	15	5	Skaap bestuurspraktieke
	DPR 215	10	5	Akwakultuur	235	10	5	Pluimvee produksie
Voorligting	EXT 210	10	5	Gedragsverandering en besluitneming	230	10	5	Voorligting beroep en voorligtingsbestuur
	EXT 220	10	5	Groepsbenadering in Voorligting	240	10	5	Program- en Projekbeplanning
Pomologie	POM 210	20	5	Verbouing van sagtevrugte	230	20	5	Sitrus verbouing en Plae en Siektes van sagtevrugte
Wingerdbou	WIB 210	20	5	Wyndruif-verbouing	230	20	5	Geïntegreerde produksie van wyn en tafel- en droog-druif verbouing

## STUDIERIGTINGS EERSTEJAAR

EERSTEJAAR-STUDIËRIGTINGS						
DIEREPRODUKSIE & GROENTE (A)	POMOLOGIE & WING-ERDBOU (B)	DIEREPRODUKSIE & AGRONOMIE (C)	VOORLICHTING & DIEREPRODUKSIE (D)	VOORLICHTING & AGRONOMIE, GROENTE (E)	VOORLICHTING & WINGERDBOU (F)	VOORLICHTING & POMOLOGIE (G)
ABM 110, 130 BTO 110 BLW 110 EXT 110 GRK 110, 130 GWB 110 ING 130 NHB 130 REK 130 AGR 130, 140 DPR 130, 140	ABM 110, 130 BTO 110 BLW 110 EXT 110 GRK 110, 130 GWB 110 ING 130 NHB 130 REK 130 POM 130 WIB 130	ABM 110, 130 BTO 110 BLW 110 EXT 110 GRK 110, 130 GWB 110 ING 130 NHB 130 REK 130 AGR 130 DPR 130, 140, 150	ABM 110, 130 BTO 110 BLW 110 EXT 110 GRK 110, 130 GWB 110 ING 130 NHB 130 REK 130 DPR 130, 140 EXT 130, 140	ABM 110, 130 BIO 110 BLW 110 EXT 110 GRK 110, 130 GWB 110 ING 130 NHB 130 REK 130 AGR 130, 140 EXT 130, 140	ABM 110, 130 BIO 110 BLW 110 EXT 110 GRK 110, 130 GWB 110 ING 130 NHB 130 REK 130 EXT 130, 140 WIB 130	ABM 110, 130 BIO 110 BLW 110 EXT 110 GRK 110, 130 GWB 110 ING 130 NHB 130 REK 130 EXT 130, 140 POM 130
k = 125	k = 135	k = 130	k = 130	k = 130	k = 135	k = 135

## TWEDEJAAR

TWEDEJAAR-STUDIËRIGTINGS						
DIEREPRODUKSIE & GROENTE (A)	POMOLOGIE & WING-ERDBOU (B)	DIEREPRODUKSIE & AGRONOMIE (C)	VOORLICHTING & DIEREPRODUKSIE (D)	VOORLICHTING & AGRONOMIE, GROENTE (E)	VOORLICHTING & WINGERDBOU (F)	VOORLICHTING & POMOLOGIE (G)
ABM 210, 230 ING 210, 230 AGR 210, 220, 230, 240 DPR 210, 220, 230, 240	ABM 210, 230 ING 210, 230 POM 210, 230 WIB 210, 230	ABM 210, 230 ING 210, 230 AGR 210, 230 DPR 210, 215, 220, 230, 235, 240	ABM 210, 230 ING 230 DPR 210, 220, 230, 240 EXT 210, 220, 230, 240	ABM 210, 230 ING 210, 230 AGR 210, 220, 230, 240 EXT 210, 220, 230, 240	ABM 210, 230 ING 210, 230 EXT 210, 220, 230, 240 WIB 210, 230	ABM 210, 230 ING 210, 230 EXT 210, 220, 230, 240 POM 210, 230
k = 130	k = 120	k = 120	k = 130	k = 120	k = 120	k = 120

## Inhoud van modules

### AGRIBESIGHEIDSBESTUUR (ABM)

#### *110 (10) Inleiding tot agribesigheidsbestuur (4l + 3p)*

Inleiding tot die Suid Afrikaanse landbou. Vergelyking van die Suid Afrikaanse landbousektor met ander landbousektore in die wêreld. Rolspelers in die landbou en die hele proses van die landbouwaardeketting. Sommige van die agri-ekonomiese konsepte en terminologie wat in boerdery-ontleding gebruik word en fokus op die veranderende agribesigheidsomgewing. Uitsel- en inset-terme. Ekonomiese en finansiële kriteria om die verskillende vlakke van ekonomiese en finansiële tekorte of surplusse aan te dui. Die strategiese bestuur en besluitnemingsproses en verantwoordelikheid van bestuur.

#### *130 (10) Ekonomiese beplanningsbeginsels vir 'n agribesigheid (4l + 3p)*

Produksie-ekonomiese beginsels soos marginaliteit, die produksiefunksie en dalende marginale opbrengs. Inset/uitsel-verhoudings, kostebeginsels en die toepassings daarvan. Die samestelling van bestuursinligting en boerdery- rekordstelsel vir agribesighede. Die vereistes, definisie, samestelling en formaat van finansiële state met die relevante finansiële ontleding.

Prakties: Die opstel van 'n gerekenariseerde finansiële bestuursinligtingstelsel vir 'n gegewe agribesigheid, gevallestudies vir die produksie-ekonomiese beplanningsbeginsels en die verskeie finansiële state.

N Agribesigheidsbestuur 110, Rekenaar praktyk 130

#### *210 (10) Beplanningstegnieke vir agribesigheidsbestuurders (4l + 3p)*

Boerderybeplanning: begrotings, finansiering en finansieringsbronne. Inleiding tot kredietverkryging, -evaluering, terugbetaalvermoë, sekuriteit, risiko en reëls by kredietverkryging en -verskaffing, kredietontledingsplan en die koste van kapitaal. Arbeidsbestuur: Indiensneming, vergoeding, personeelbemagtiging en -opleiding, bestuurstyle, motivering en produktiwiteit, personeeladministrasie, arbeidswetgewing, vakbondwese.

Prakties: praktiese voorbeelde rakende die ontleding van bestuursinligting sal op deurlopende basis behandel word.

V Agribesigheidsbestuur 110, 130, Rekenaarpraktyk 130

#### *230 (10) Risiko bestuur en bemarking (4l + 3p)*

Tipes risiko, risiko-bestuurstegnieke, risikoberekening. Projekbeplanning en beleggingsbesluite in 'n agribesigheid. Evaluering van beleggingsalternatiewe, kapitaalbegrotings en verskeie beleggingsinstrumente/ benaderings.

Basiese beginsels van bemarkingsbestuur. Ontleding van mikro- en makro- omgewing van die Suid-Afrikaanse landbou. Markontleding, verbruikersgedrag, markinligting en -navorsing, marksegmentasie, elemente van 'n bemarkingsplan, waardetoevoeging, internasionale handel en bemarkingsalternatiewe.

Prakties: Berekening ten opsigte van risikobestuur. Projekbeplanning en beleggingsbesluite sal prakties ge-illustreer word.

V Agribesigheidsbestuur 110, 130, 210, Rekenaarpraktyk 130

### AGRONOMIE (AGR)

#### *130 (5) Inleiding tot Agronomie (2l + 3p)*

Inleidende oorsig van die agronomiese bedryf in die Wes-Kaap. Groei en ontwikkeling van klein grane. Invloed van klimaat op groei van die plant. Aanpassings van koel weer gewasse. Fisiologiese aspekte van graan opbrengste.

V Biologie 110, Grondkunde 110

S Gewasbeskerming 110

#### *210 (10) Produksie van grane (4l + 3p)*

Klimaatsfaktore, topografie, grond, produksiepraktyke (koring).

S Agronomie 130, Grondkunde 130  
V Biologie 110, Grondkunde 110

## *230 (10) Produksie praktyke en alternatiewe gewasse (4l + 3p)*

Produksiepraktyke van koring, gars, hawer, Triticale, lupiene, Canola. Alternatiewe gewasse.  
S Agronomie 210  
V Biologie 110, Grondkunde 110, 130, Agronomie 130

## *140 (5) Inleiding tot Groente produksie (2l + 3p)*

Inleidende oorsig van die groentebedryf in Suid-Afrika. Invloed van die omgewing op groente-produksie. Saad, saailingproduksie. Die verbouing van kool, peulplante en wortelgewasse.  
V Biologie 110, Grondkunde 110, Gewasbeskerming 110

## *220 (10) Groente onder beheerde toestande (4l + p)*

Die verbouing van groente onder beheerde toestande. Verbouing van tamaties en soetpatats.  
S Agronomie 140, Grondkunde 130  
V Gewasbeskerming 110, Grondkunde 110, Biologie 110

## *240 (10) Verbouingspraktyke en na-oes hantering (4l + p)*

Die verbouing van slaai, aartappels, uie en rankgewasse. Die na-oes hantering van groente.  
S Agronomie 140, Grondkunde 130  
V Grondkunde 110, Biologie 110

## **BEGINSELS VAN LANDBOUWETENSKAP (BLW)**

### *110 (5) Wiskundige berekeninge (2l + 3p)*

Eenhede en omskakelings. Berekeninge met behulp van verhoudings. Berekening van die onbekende met behulp van 'n vergelyking. Verander die onderwerp van 'n vergelyking. Geometriese berekening (area, volumes, hoeke, hellings en spasies). Opstel van tabelle en grafieke en hulle gebruik. Prakties: gerekenariseerde wiskundige onderwerpe beskikbaar soos benodig vir onafhanklike ontwikkeling van vaardighede.

## **BIOLOGIE (BIO)**

### *110 (15) Inleiding tot biologie (6l + 3p)*

Inleiding tot biologie. Biologies-belangrike organiese verbindings. Fisiologiese prosesse: Fotosintese, transpirasie, selrespirasie, groeiregulering, voedselvertering, gasomskakeling, uitskeiding. Basiese genetiese studies.

## **DIEREPRODUKSIE (DPR)**

### *130 (5) Vleisbeeste (2l + 3p)*

Inleiding tot vleisbeeste. Rasse, ekologie en die aanpassing van beeste in hul omgewing, teling en seleksie van vleisbeeste. Die voeding van vleisbeeste. Bestuur van 'n vleisbeeskudde. Produksiestelsels.  
V Biologie 110

### *210 (15) Melkbeeste (6l + 3p)*

Inleiding tot melkbeeste. Melkbeesrasse. Versorging en voeding van kalwers. Die voeding en bestuur van vervangingsverse. Beginsels by die bestuur van droë koeie. Voeding en bestuur van lakterende suiwelkoeie. Voedingsstandaarde van suiwelkoeie. Voeding en versorging van die suiwelbul. Minerale aanvullings.

V Dierereproduksie 130  
V Biologie 110

# Elsenburg Prospektus: Hoër Sertifikaat

---

## 230 (15) Bestuur van melkbeeskudde (6l + 3p)

Bestuur van 'n suiwelkudde. Melksamestelling. Teling en seleksie van melkbeeste. Siektebestuur. Rekordhouding.

V Diereproduksie 130

V Biologie 110

## 140 (5) Kleinveekunde (2l + 3p)

Inleiding tot kleinveeproduksie. Geskiedenis van skaap boerdery. Die belangrikste skaap tipes en hul verspreiding. Rasse: Merino, Dohne Merino, Suid-Afrikaanse Vleis Merino, Dormer, Dorper en Boerbok. V Biologie 110

## 220 (15) Kleinvee telingspraktyke, Wol- en Vleiskunde (6l + 3p)

Teling: Reproduksieriglyne, seleksietegniese, rekordhouding.

Wolkunde: Organisasie in die skeerskuur, infrastruktuur. Die fisiese eienskappe van die wol. Die klasstandaarde van die NWKV. Die fisiese hantering van wol. Handelstipes / ontleding van skeerverslae. Baal en vervoer van wol.

Vleiskunde: groei en ontwikkeling. Behandeling van slagdiere en vleis. Afvalproduksie van die slagpale. Klassifikasie van skaapvleis. Teelsisteme vir slaglamproduksie.

V Diereproduksie 140

V Biologie 110

## 240 (15) Skaap bestuurspraktyke (6l + 3p)

Bestuursriglyne vir skaapboerdery in die Wes-Kaap. Ooi- en rambestuur, infrastruktuur, diergesondheid, siektebeheer, parasietbeheer.

V Diereproduksie 140

V Diereproduksie 220

V Biologie 110

## 150 (10) Dierevoeding (4l + 3p)

Inleiding tot dierevoeding. Anatomie van die verteringsstelsel van enkelmaag- en herkouer-plaasdiere. Vertering, samestelling, voedingswaarde, energie en proteïenstandaarde van voere.

Prakties: Voeding van verskillende plaasdiere. Inleiding tot voerformulering.

V Biologie 110

## 215 (10) Akwakultuur (4l + 3p)

Spesies en hulle biologie. Waterkwaliteit en omgewing. Perseelkeuse. Ontwikkeling van produksiestelsels. Voeding, bemaking en verwerking van produkte. Bestuursplan

V Biologie 110, Diereproduksie 150

## 235 (10) Pluimveeproduksie (4l + 3p)

Pluimveebedryf in Suid-Afrika. Gedrag en biologie van pluimvee. Pluimveebehuising. Produksie van braaikuikens. Eierproduksie. Uitbroei van eiers en grootmaak van jong henne. Siektebeheer. Volstruise.

V Biologie 110, Diereproduksie 150

## GEWASBESKERMING (GWB)

### 110 (15) Gewasbeskerming (6l + 3p)

Die toestand van die plantbeskermingspraktyke. Wat is plantbeskerming? Hersiening van die ontstaan, groepering van probleme, beheer komponente. Plae van plante, groepering van plant plae en beheer strategieë. Plantsiektes, groepering van plantsiektes en beheer strategieë. Onkruid, groepering van onkruid en beheer strategieë. Toepassing van beheer maatreëls en die keuse van metodes. Keuse van die hulpmiddel, veilige hantering van die hulpmiddels, groepering van hulpmiddels, toksisiteit van hulpmiddels en opberging en hantering daarvan. Toedieningsmetodes en toerusting, beginsel van tegnieke en die invloed van klimaat.

## GRONDKUNDE (GRK)

### *110 (10) Grondvorming en -fisika (4l + 3p)*

Grond en sy vorming. Grondfisika, die organiese en biologiese fraksie van grond.

### *130 (10) Chemiese eienskappe van grond (4l + 3p)*

Die kolloïdale en chemiese eienskappe van grond. Inleidende chemie. Grondvrugbaarheid en die beskrywing van die grond profiele en klassifikasie van grond. Water en grond vir besproeiingsdoeleindes. V Grondkunde 110

## LANDBOU-INGENIEURSWESE (ING)

### *130 (10) Komponente: Landboustrukture (4l + 3p)*

Landboustrukture: plaasgeboue, planne en spesifikasies, beplanning en keuse van terrein, boumateriaal. Fondasie: vloere en mure, uitleg van geboue, riolering-sisteme, berekening van materiaalhoeveelhede.

Prakties: beoefening van die basiese tegnieke van sweis (boogsweis en gassweis).

S Beginsels van Landbouwetenskap 110

### *210 (10) Besproeiing (4l + 3p)*

Besproeiingsterme. Grond, water, gewas-waterverhoudings en klimaat, reënval, verdamping, evapotranspirasie. Watermetings, besproeiing, besproeiingstoebehore, keuse van besproeiingsisteme, besproeiingsbeplanning, besproeiingsstelsel-evaluering. Pompe en sprinkelbesproeiing.

S Beginsels van Landbouwetenskap 110

### *230 (10) Sproeiingsmasjiene (kalibrasie) (4l + 3p)*

Tipes masjiene. Werksbeginsels en toepassing. Voordele van verskillende tipe pompe, blasers, atomiseerders en hidroliese sisteme. Kalibrasievoorbeelde en -formules.

Prakties: Aanpassings van verskillende tipes masjiene vir kalibrasie van besproeiings in boorde, wingerde, groente en graangewasse.

S Beginsels van Landbouwetenskap 110

## NATUURLIKE HULPBRONBESTUUR (NHB)

### *130 (10) Omgewingsstudies (4l + 3p)*

Die aarde – 'n holistiese beeld. Grond-klimaat-plantegroei-verhoudings met spesifieke verwysing na SA biome. Die stand van Suid-Afrikaanse hulpbronne. Die filosofie met betrekking tot volhoubare landbou. Inleidende ekologie.

V Biologie 110

## POMOLOGIE (POM)

### *130 (15) Inleiding tot Pomologie (6l + 3p)*

Klimaatsones en belangrikste produksie-areas. Ekonomiese belangrikheid, belangrikste markte en kompeteerdere van die Suid Afrikaanse vrugtebedryf. Stadiums van boomontwikkeling. Klassifikasie en morfologie van bladwisselende vrugtebome. Klimaat en vrugteverbouing, bevrugting en vrugset, vrugontwikkeling en -uitdunning. Inleiding tot produksiepraktyke.

V Biologie 110, Grondkunde 110

N Grondkunde 130

### *210 (20) Verbouing van Sagtevrugte (8l + 6p)*

Produksiepraktyke, grondvoorbereiding, bevrugting, snoei, besproeiing, onkruidbeheer en dekgewasse. Rypwording, rypheidsindeksing. Oes en na-oes hantering van vrugte, voortplanting en oorwerk van vrugtebome. Onderstamme.

S Pomologie 130

# Elsenburg Prospektus: Hoër Sertifikaat

---

V Biologie 110, Grondkunde 110, 130

## *230 (20) Sitrusverbouing en Siektes en Plae van sagtevrugte (8l + 2p)*

Sitrusverbouing: Inleiding, oorsprong, eienskappe en ekonomiese belangrikheid van sitrus, klimaatsvereistes, produksie-areas en ekonomiese belangrikheid, sitrustipes, kultivars en onderstamme, plantmateriaal, sitrus-verbouingspraktyke, bemesting, besproeiing, onkruidbeheer, snoei, manipulasies om vrugset, grootte en kwaliteit te bevorder, rypwording, rypheidsindeksering, oes en na-oes hantering.

Plae en siektes: Sitrus, Kern- en Steenvrugte

S Pomologie 130

V Biologie 110, Grondkunde 110, 130

## **REKENAAR PRAKTYK (REK)**

### *130 (5) Basiese rekenaarvaardighede (2l + 3p)*

Kursus word aangebied met die doel van praktiese, relevante take in elke afdeling, waarin die teoretiese konsepte toegepas en gekonsolideer is. Hardeware komponente: Identifisering en funksie van elk, samestelling van 'n basiese sisteem en basiese instandhouding. Windows: Basiese konsepte en vaardighede van die Windows programme. MS Office: Identifisering van die komponente van Microsoft Office toepassings en hulle gebruike, invoer van data / inligting, formaat van dokumente en uitvoer. Internet: verbind tot die internet en navigasie. Sigblaai: navigasie in sigblad toepassing, invoer van data, verander data, format, data berekening en formules, data uitvoer.

## **VOORLIGTING (EXT)**

### *110 (5) Inleiding tot Bestaanswyse (2l + 3p)*

Invloed van sosiale en kulturele faktore op landelike dinamika. Verskille in innovasies en idees wat op kulturele norme, waardes en tradisies gebaseer is. Veranderinge en verskille in boerdery-omstandighede en -praktyke en die effek op boere se bestaanswyse. Verstaan die volhoubare bestaansbenadering en die kompleksiteit van boerderybestaan: onderskei en bepaling van kapitaal, bepaling van verskille in houdings en persepsies oor risiko, onsekerheid, kwaliteit, veiligheid ens.; identifiseer strategieë rondom volhoubaarheid.

### *130 (10) Kommunikasie vir innovasie (4l + 3p)*

Basiese beginsels van kommunikasie. Voorligting, landbou- en landelike ontwikkeling. Hoe volwassenes leer. Etiek en filosofie van voorligting vir bemagting. Teikengroeppraktyke en behoeftebepaling. Oorsig van voorligtingspraktyke.

V Voorligting 110

### *140 (5) Boerderysisteme en Volhoubare Bestaanswyse (2l + 3p)*

Sosiale en kulturele faktore en doeltreffendheid in voorligtingkommunikasie. Interskakeling van boerderysisteme en -bestaan. Boerderysisteme en veranderende praktyke: effek op die sisteem en sy komponente. Plaasproduksie, voedselsekuriteit en risikobestuur.

V Voorligting 110

### *210 (10) Gedragsverandering en besluitneming (4l + 3p)*

Persepsie, empatie. Verstaan boerderypraktyke. Logika in besluitneming. Die voorligter se rol in besluitneming. Diffusie-aannemingsteorie. Diffusie-aannemingsproses.

S Voorligting 110, 130, 140

### *220 (10) Groepsbenadering in Voorligting (4l + 3p)*

Groepdinamika: toestande en redes, persoonlikheidseienskappe, konfliktsituasie in groepe. Leierskap: style, kwaliteit, leierskap- en groepsbesluitneming, delegering, deursigtigheid en verrekenbaarheid.

S Voorligting 110, 130, 140

### *230 (10) Voorligting as beroep en Voorligtingsbestuur (4l + 3p)*

Die kwaliteit van voorligting-diensverskaffing en die institusionele omgewing. Voorligtingpersoneelkwaliteit en -prestasie. Voorligtingsbestuursbeginsels en -vaardighede. Funksionele netwerk.

S Voorligting 110, 130, 140

V Voorligting 210, 220

N Voorligting 240

### *240 (10) Program- en Projekbeplanning (4l + 3p)*

Behoeftes en belangrikheid van effektiewe projekbeplanning. Tegnieke in beplanning- en projekbestuur. Die programsiklus: stadia en prosedure van programbeplanning, programbehoefte oor relevansie, volhoubaarheid en ekologiese impak.

S Voorligting 110, 130, 140

V Voorligting 210, 220

N Voorligting 230

## **WINGERDBOU (WIB)**

### *130 (15) Inleiding tot Wingerdbou (6l + 3p)*

Klimaat, grond- en wyndruifareas, kultivarbeleid, kultivareienskappe en plantverbetering. Grondvoorbereiding vir 'n wingerd. Voortplanting, beplanning en vestiging van 'n wingerd. Plantwydtes vir wyndruie, opleisisteme vir wyndruie.

S Biologie 110, Grondkunde 110

### *210 (20) Wyndruif verbouing (8l + 6p)*

Kultivars en kultivareienskappe van wyndruie. Wingerdstokontwikkeling, wintersnoei en somerbehandelings van wyndruie. Waterbehoefte en besproeiing van die wingerd. Wingerdverbouing, voeding, onkruidbeheer, plaë, siektes en abnormaliteite. Oesmetodes vir wyndruie.

V Biologie 110, Grondkunde 110, 130, Wingerdbou 130

### *230 (20) Geïntegreerde produksie van wyn en Tafel- en Droogdruif verbouing (8l + 6p)*

Geïntegreerde produksie van wyn: Inleidende wynbereiding. Mikroorganismes en wyn, alkoholiese fermentasie, wynbereidingstegnieke, voorbereiding van druie, fermentasie, tafel wyne / vonkel wyne / versterkte wyne, wyn waardering en evaluasie, distilleering van wyn, Wyn van Oorsprong sisteem.

Tafeldruif verbouingsisteem: Inleiding tot tafeldruif verbouing. Plantwydtes en opleisisteme vir tafeldruie, wingerd ontwikkeling en snoei van tafeldruie. Dormansie en rusbreking. Lente en somer praktyke vir tafeldruie, gebruik van groei reguleerders. Fisiologiese en ander defekte wat die kwaliteit van tafeldruie affekteer. Tafeldruif kultivars en onderstamme. Rypwording, rypheidsindeksing, oes en na-oes hantering van tafeldruie

Droogdruif verbouing: produksie en produksie areas vir droogdruie, kultivars en klone vir droogdruif produksie, drogingstegnieke.

V Biologie 110, Grondkunde 110, 130, Wingerdbou 130

# Elsenburg Prospektus: Hoër Sertifikaat

---

## NOTA:

Voorvereistes - afkortings

N - Newevereiste

V - Voorvereistes - minimum predikaatpunt van 40% behaal

S - Slaagvoorvereiste – minimum prestasiepunt van 50% (bereken as predikaat x 40% + eksamen x 60%)

## Ander programme by Kaapse Instituut vir Landbou – Opleiding

### Hoër Onderwys

#### B. Agric. (drie jaar)

Spesialiseer in:

Plantproduksie, Diereproduksie, Plant- & Diereproduksie, Keldertegnologie, Kelderbestuur, Agritoerisme & Plantproduksie / Diereproduksie, Voorligting & Plantproduksie / Diereproduksie

#### Toelatingsvereistes:

Studente moet in besit wees van Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) soos gesertifiseer deur Umalusi  
Studente moet minstens 'n 4 (50% - 59%) in elk van VIER skoolvakke uit die lys van aangewese universiteitstoelatingsvakke behaal

Studente moet die Universiteit se Toegangstoetse (TGT's) aflê

Studente moet gemiddelde van minstens 50% vir die TGT's en NSS gesamentlik in die verhouding 40:60 behaal. Die TGT gemiddelde sal aan studente bekend gemaak word met die oog op toelating.

#### LYS van Universiteitstoelatingsvakke

Afrikaans OF Engels (huistaal OF eerste addisionele taal) op 4 **EN**

Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid - 4 **EN**

Fisiese Wetenskappe - 4 **OF**

Lewenswetenskappe - 4 **OF**

Landbouwetenskappe - 4 **PLUS**

en een ander vak soos deur die Universiteit aanbeveel, ook op 4

#### Diploma in Landbou (een jaar)

Modulêre ervaringsonderrigprogram wat handel oor Produksie, Landboubestuur en Natuurlike Hulpbronbestuur.

Toelatingsvereistes: Hoër Sertifikaat in Landbou

#### Diploma in Voorligting (een jaar)

Modulêre ervaringsonderrigprogram wat handel oor verskeie aspekte van voorligtingswetenskap. Aangevul deur werkstukke.

Toelatingsvereistes: Hoër Sertifikaat in Landbou of ekwivalente kwalifikasie. Ook geskik vir voorligters in ander dissiplines as landbou bv. natuurbewaring, gesondheid, maatskaplike dienste ens.

#### Diploma in Keldertegnologie (een jaar)

Modulêre program gerig daarop om kandidate as wynmaker op te lei.

Toelatingsvereistes: Hoër Sertifikaat met wynkunde as hoofvak. B.Agric met wynkunde tot tweedejaarsvlak.

## Perdestudies (twee jaar)

Nasionale Instruieurskursus vir perderuiters (voltydse studente).  
Deeltydse opleiding in algemene hantering van perde asook ry-lesse vir perderuiters.  
Toelatingsvereiste: Senior Sertifikaat. Besit van 'n eie perd is nie 'n vereiste nie.

## Voortgesette Onderwys en Opleiding

### Verskeie kortkursusse

Areas van studie:  
Algemene landbou  
Groenteverbouing  
Vrugteverbouing  
Wingerdbou  
Diereproduksie  
Landbou ingenieurswese  
Landboubestuur en -ekonomie  
Menslike- en sosiale wetenskappe

### Leerlingskappe

Nasionale Sertifikaat in Plantproduksie NKR vlak 1 en/of vlak 4 in die volgende studierigtings: ]

Wingerdbou  
Groente  
Vrugte

As instansie is die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut geakkrediteer by SAKO (Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Otoriteit) en AgriSeta.

Departement van Landbou  
Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut  
Posbus 54, Elsenburg. 7607  
tel: +27 21 808 5451 faks: +27 21 884 4319  
Departementele Webtuiste: [www.elsenburg.com](http://www.elsenburg.com)  
Provinsiale Webtuiste: [www.westerncape.gov.za](http://www.westerncape.gov.za)

---



**Wes-Kaapse  
Regering**

Landbou